Woodoc 25 Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
Geskik vir aanwending op alle binnenshuise houtvloere en –trappe. Slegs vir binnenshuise gebruik. Bestand teen normale huishoudelike slytasie. **Woodoc 25 is nie 'n industriële produk nie.**

Produkeienskappe:
Woodoc 25 Mat verleen 'n kleurlose of Oregon-getinte mat afwerking. Dis 'n merkwaardig sterk, slytasiebestande vloerverseëlaar. Dit verleen 'n duursame mat afwerking wat die kleur en grein van alle houtsoorte beklemtoon.

- Water-, alkohol-, hitte en vlekbestand.
- Maklike aanwending.
- Dring hout binne, bind daarmee en verleen 'n buigsame, dog sterk en weerstandige oppervlakafwerking.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Geskik vir alle houtsoorte.
- Vul die grein van oopgreinhoutsoorte.
- Vloeroppervlak kan glad wees nadat vloer met hierdie produk verseël is.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

LET WEL: Houtvloere wat met Woodoc 25 verseël is, behoort nie met water en skoonmaakmiddels/seep gewas te word nie. maak skoon met 'n klam lap of 'n bietjie Woodoc Diep Penetrerende Meubelwas op 'n lap of wend Woodoc Antique Wax aan en poleer.

Nr: WD25/003
Gedateer: 28/10/11
Naam: Woodoc 25 – Poliuretaan Vloer Verseëlaar – Mat Afwerking. Kleurloos of Oregon-getint
Beskrywing: Verleen 'n duursame mat afwerking.
Dekking:
Eerste laag: 10-12 m^2/liter. Daaropvolgende lae:12-14 m^2/liter. 3 lae(gemiddeld): 3,3 m^2/liter.
Aanwending:
Verkieslik met verfkwas. Maak kwas met minerale terpentyn skoon.
Verdunning:
Verdunning word nie aanbeveel nie, maar indien nodig, gebruik slegs minerale terpentyn.
Drogingstyd:
Droging sal varieer, afhangende van vog en atmosferiese toestande.
Produkeienskappe:
Kleurlose of Oregon-getinte, loodvrye, binnenshuise houtverseëlaar. Formaldehiedvry.
Wasinhoud: Geen.
Verenigbaarheid:
Minerale Terpentyn.
Onverenigbaarheid:
Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking:
Kleurloos: 1 liter en 5 liter.(20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar)
Oregon: 1 liter en 5 liter.(20 liter op versoek by handelaar beskikbaar)

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE BLIK VOOR AANWENDING.
VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.
BELANGRIK: Hierdie produk word hard indien dit met suurstof in aanraking kom. Maak blik na gebruik goed toe om beter te bewaar.

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538